PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
082 459 5636

Ds Louis Buys
082 927 2034

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Polsslag

Rom 12:2

Gereformeerde Kerk Benoni

27 November 2016

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
011 849 2054
084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

GEMEENTE KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
011 849 6817
081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

OGGENDDIENS
09:00
Ds Louis Buys

Skriflesing: *Genesis 19: 12-18*
Teksvers: *Genesis 19:26*
Tema: *Moenie omkyk nie! Hou die oog op Jesus*

AANDDIENS
18:30
Dr. Braam Krüger

Skriflesing: *Genesis 1:26-31 & Kol 1: 15-20*
Teksvers: *Genesis 1:26 & Kol 1:17*
Tema: *Is ek 'n slagoffer of regeerder?*

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE NA DIE EREDIENS IN DIE SAAL

GEMEENTENUUS

VERTREK MET ATTESTAAT

Charl Coetzer na NGK Morelettapark.

TER APPROBASIE:

Die volgende lidmate word ter approbasie voorgehou:

- Melanie van Wyk as diensgroepleier vir SLAK
- Cornel Boersma as diensgroepleier vir Babas

GKSA BEROEPENUUS

BEROEPE ONTVANG

Ds HJ Briel (Hennie) van Petrusburg/Boshof-kombinasie na Vredenburg/Saldanha.

BEROEPE AANVAAR

Dr G van Wyk (Griffel) van Vanderbijlpark Trinitas na Rustenburg.

KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

MEEGEVOEL:

- Tant Adri du Plessis is op haar laaste by Hospice in Pretoria. Ons bid dat die Here vir Giel en Riana de Bruyn en hul familie in hierdie moeilike tyd al die nodige geloofskrag sal gee.
- Gerda de Vries het Maandag 'n operasie ondergaan. Ons is dankbaar dat die operasie 'n sukses was, en bid haar 'n spoedige herstel toe.
- Ons bid steeds vir Lisa Marchand wat deur 'n baie moeilike tyd gaan weens depressie. Mag die Here haar en haar familie besonderlik dra.
- Ons is saam met tannie Ria Nel dankbaar dat haar agterkleinkind se beenoperasie suksesvol afgeloop het. Haar kleindogter het ook Vrydag geboort geskenk aan nog 'n agterkleinkind. Mag die Here hul verder seën.
- Ons bid ook vir Jenny Steyn wat gereëlde epileptiese aanvalle kry. Ons bid dat haar medikasie genesing sal bring.

DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK				
DAG		**AKTIWITEIT**	**KONTAK PERSOON**	**LOKAAL**
So. 27/11	08:00 - 09:00 09:00 Na oggenddiens 15:00	Gebedskamer Peuter-kerk Muntlegging Songs of Praise opvoering	Donsie Krüger Anneke Salomons Adrie van Tonder Derik van Niekerk	Ou Moederskamer Huis Kerksaal Kerkgebou
Ma. 27/11	09:30	Bybelstudie Rynpark 5	Adri Goede	Rynpark 5
Vry. 27/11	05:30 - 06:30 05:00 - 06:00 08:30	Gebedsgroep Mannebyeenkoms Bybelstudie met Braam	Donsie Krüger Schalk van Eeden Braam Kruger	Konsistorie Saal Konsistorie

DIENSBEURTE

TEESKINK	**OUDERLING**
Vandag: Wyk 4 Des : Wyk F29	Vandag: Helgard Potgieter 4 Des : Harrie Salomons

VERJAARSDAE 27 Nov –3 Des

Baie geluk en mag ons Vader julle ryklik seën in die nuwe lewensjaar!

Dag	Naam	Kontak nr.
Ma. 28/11	HP Hugo # Gerrie Kriek	 082 920 1714
Di. 29/11	Elize du Plessis	082 692 7620
Wo. 30/11	Jaco du Plessis # Anzelle Kamfer Alet Steyn	 084 208 4598 082 884 2612
Do. 1/12	Mika du Plessis # Jillian Jacobs Tania Kruger Giel Oberholzer	 072 752 1692 073 768 3695 082 784 7351
Vr. 2/12	Hannelie Bosch Enthia Willemse # Dorene Smit Juan Michael Roux # Zarita Roux #	082 560 7614 082 365 1511
Sat. 3/12	Yolandi du Preez Hendrik Harmse Duncan Ritchie	073 186 0696 078 451 1139

(# doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

GK BENONI OPPAD NA NUWE HOOGTES

Die tegniese diensgroep ondersoek 'n geruime tyd al die moontlikheid om 'n kamera in die kerkgebou te monteer vir die doel om "live streaming" van die preke op Sondae en ander geleenthede uit te saai, en om deur middel hiervan ons horisonne te verbreed in die samelewing en selfs die buiteland.

Ons gaan een kamera agter in die kerk monteer, wat kan "pan" en "zoom" met hoë definisie video. Ons neem die klank vanaf die klankbord na 'n rekenaar wat die klank en video kombineer om dit uit te saai na YouTube. Die uitsending is dan "lewendig" of ons kan ook opnames maak van sekere geleenthede.

Ons het egter nie fondse vir hierdie "desktop" rekenaar wat ons vir hierdie doel kan gebruik nie. Daar is twee behoeftes:

- prosesseerder (i3 of groter) en
- geheue (4 GB of meer).

Die rekenaar vervang die huidige rekenaar, wat dan in die saal benut sal word. Ons soek spesifiek 'n desktop sodat dit permanent in die kerkgebou is.
Dit het ook 'n "slot" waar die kamera kaart ingesit kan word.
Die koste van so rekenaar is ongeveer R6000 tot R7000 by Matrix warehouse.

As iemand wil bydra of navrae het oor hierdie opwindende projek kontak asb:
Evert Bolt 082 446 0794 of
Korrie van Kaam 082 419 7238

GEMEENTEAKTIWITEITE

KERSLIEDERE BY KERSLIG & KERS MARK

Wanneer: 2 Desember 2016
17:00 – 22:00
Waar: Hoerskool Brandwag Rugbyvelde
49 Aerodrome Laan
Kunstenaars: ADAM, Marno van der Merwe – MC, Clive Bruce, Lance James & The Rodeo Girls, Charlene, Sandy Lee

Gratis vermaak sal beskikbaar wees vir kinders tussen die ouderdomme van 5 – 12. 'n Nar sal optree tussen 18:00 – 19:00. Daar sal 'n speelpark wees en alle kinders sal gratis verversings en 'n koeldrank ontvang. Daar sal streng toesig wees vir die speel area.
Die opbrengs van alle kos verkope vir die aand sal aangewend word vir voedingskemas vir kinders en bejaardes. Donasies vir die voedingskemas kan gedurende die vertoning gemaak word.
Bring asb. jou eie komberse en kampstoele vir die vertoning.
TOEGANG is GRATIS – Parkeering R20.

Navrae: Marius Yssel 082 886 3516

BYBELVRAAG VIR DIE WEEK

Verlede keer 20 November 2016 se antwoord:
Ester 1: 9
" Koniging Vasti het intussen ook die vrouens onthaal in die paleis van Koning Ahosveros."
Die volgende bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur
Jan Lubbe; Jan Bakker; Una Steyn; Martie Gibson; Gerda de Jager; Klein de Kock; Chrissie Pretorius
Hierdie week: Soek die Bybelvers
" Rut se skoonma ????? het vir haar gesê: "" My dogter, dit is my verantwoordelikheid om vir jou 'n heenkome te soek sodat dit met jou goed kan gaan""
Vraag: Wat was Rut se skoonma se naam?
Lees gerus Rut en noem Rut se skoonma se naam en noem waar bostaande vers staan en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173

HULP BENODIG ASB.

Die Multimedia diensgroep benodig ekstra persone vir die opstel van die powerpoint vir die Liturgie gedeelte van die erediens (d.i. Liedere, geloofsbelydenis, wet, skriflesing, ens.) –

Die orreliste doen dit gewoonlik, maar daar kan tye wees wanneer albei orreliste dalk nie beskikbaar is nie, veral gedurende vakansies. Al die nodige liedere en voorbeeld met basiese uitleg sal voorsien word aan diegene wat bereid is om te help.

Kontak asb. Tarina vd Merwe by 083 785 5345 of tarina@gkbenoni.co.za

KOLLEKTES
20 November 2016
Diens van Barmhartighied: R 8509.25
Aanddiens: R 3352

Vandag:
Onder die diens : Diens van barmhartigheid
By die deure: Bybelverspreiding
Volgende week: Arso

ADVERTENSIES EN SPESIALE VERSOEKE

MUSIEKINSTRUMENTE BENODIG

GK Daveyton (olv sr Petunia – ds Chaka se vrou) is op soek na instrumente wat helle vir hulle lof- en aanbiddingsdiens kan gebruik.

Praat met Braam as jy kan help (0824595636)

STUDENT BENODIG HULP/SKENKINGS

By die Abraham Kriel sateliet kinderhuis in Kemptonpark het ons 'n matriekdogter wat volgende jaar by NWU gaan studeer. Sy gaan in 'n woonstelletjie bly. As iemand van die volgende goed het wat hul nie meer gebruik nie kan skenk om haar woonstelletjie in te rig, sal sy dit so waardeer!
Bed; Studeertafel; Mikrogolfoond Yskas; Sitkamerstel of net 'n bank; Gordyne en kantgordyne; Wasmasjien; Kombuisbenodighede soos potte, panne, eetgerei ens.; Elektriese braaipan; Klein stoompot.

Vriendelike groete.
Huismoeder by Abraham Kriel kinderhuis Kemptonpark
Nicoli Muller 011 979 1017

VAKANTE POS: GK-BENONI SKOONMAKER

Algemene skoonmaker vir skoonmaak van kerkgebou en kerkfasiliteite. Huidiglik drie dae per week, Maandae, Woensdae en Vrydae. Aansoeke en navrae kan aan Ronel Ritchie gerig word op 081 218 3048. Aansoeke sluit Vrydag 2 Desember om 15:00

Mag elkeen welklik die liefde van God hierdie week ervaar!

Het jy behoefte dat iemand vir jou of saam met jou bid?
Jy kan jou gebedsversoeke stuur na 084 627 2393
Ons bid graag vir jou!

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE:
BANK : ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING : Volle Naam, Van & Doel

Of SNAPSCAN:

Barmhartigheid

Deur kollekte